

Woensdag 25 September

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 14:1-3

Aanvaar, aangesien jy eerste aanvaar is; en laat die oordeel aan God oor

Ons moet mekaar aanvaar en verwelkom, maar dit is eenvoudiger gesê as gedoen. Dink 'n bietjie terug na jou eerste skooldag of eerste dag by universiteit, selfs toe jy begin het met jou eerste werk. Doelgerig was jy reg vir die nuwe uitdagings. Jy was wel nog onkundig, en wou graag hê dat iemand wat meer weet as jy, of sterker is in die werksplek, jou sou touwys maak. Iemand wat jou verwelkom, aanvaar en stelselmatig lei tot beter insigte.

So ook is daar diegene wat nie die doen en late van alle geloofsaspekte verstaan nie. Ons moet dit in ag neem dat ons almal nie dieselfde dink of selfs weet oor die dinge van God nie. Wanneer ons nie ander mense se denkwyses in ag neem nie, veroorsaak dit dat ons aan daardie persoon aanstoot gee. Ons begin liefdeloos teenoor hulle optree, wat dan lei tot verdere aanstoot en oordeel. In plaas daarvan dat ons mense verwelkom, juis omdat ons eerste deur God verwelkom is, verstoot ons persone wat anders as ons oor sake dink. Ons moet op ons hoede wees in die beoordeling van 'n situasie. Ons moet ook standvastig in ons oortuigings wees, met liefde in die waarheid. Buiten hiervoor, moet ons veral ons daarvan weerhou om mense te veroordeel en te verstoot. Veroordeling is aan God toegeken. Met die wederkoms sal Hy die een wees wat oordeel.

Ons is 'n geloofsfamilie wat deur God uit liefde aanvaar en verwelkom is, sonder skroom. Ons staan saam in die waarheid en liefde, en is nie verhewe bo ons broer of suster nie. Sodat ons juis die sterkes en swakkes uit liefde, sonder skroom, kan aanvaar. Ons sienings mag moontlik verskil, maar in liefde sal ons kan saam werk in die werksplek van God.

Sing: Skrifberyming 9-4:1-6

Teologiese Student EA Venter (Erasmus)